

Maandag 27 Mei

Skrifgedeelte: Eksodus 12

Fokusgedeelte: Eksodus 12:14

Doen dit, so dikwels as julle daarvan eet en daaruit drink, tot my gedagtenis

Die Israëliete moes die tiende plaag, die dood van die eersgeborenes, jaarliks gedenk deur 'n lam se gebraaide vleis saam met ongesuurde brode en bitter kruie te eet (vs 14, 15).

Dit moes eerstens 'n *vreugdevolle gedenkfees* wees, want God het gedurende die nag van die tiende plaag sy volk uit hulle Egiptiese slawerny verlos!

- Net so moet ons *die Nagmaal* vier as 'n gedenkfees van die kruisoffer van ons Here Jesus. Op dié dag het God elkeen wat in Hom glo, uit sy eie besondere nag van sondeverlorenheid uitgelei! Daarom moet ons die Nagmaal met groot blydschap en innige dankbaarheid vier.

Die Pasga moes tweedens 'n *vaste, jaarlikse instelling* wees (vs 2, 3). Geen Israëliet mag hom hieraan onttrek het nie. Deur die bloed van die Pasga-lam, gelowig gestryk aan die deurposte van hulle huise, is die dodelike besoek van die doodsengel afgeweer. Maar by elke ongelowige Egiptenaar, insluitende die farao, het daar 'n eersgeborene gesterf!

- Net so moet ons, as 'n vaste instelling, die “dood van die Here verkondig totdat Hy kom” (1 Kor. 11:26). Wee hom wat ligtelik van die Nagmaal af wegbly!

Derdens moes die Pasga vir Israel 'n *ewige gedenkfees* wees. Dit het oor hulle ewige verlossing uit die mag van hulle sonde gegaan.

- Net so moet ons met die Nagmaal ons *ewige verlossing* vier en gedenk.

Maak van die Nagmaal (a) 'n gedenkfees waar jy aan die kruisoffer van Christus dink! Maak daarvan (b) 'n lewensnoodsaaklike, verpligte geleentheid waarsonder jy nie kan klaarkom nie! En maak daarvan (c) die begin van jou komende, ewige bruilofsmaal saam met die Lam!

Sing: Psalm 116-1:1, 7, 10

Ds. CJ Malan (Neels) (Bethulie)